GRAAD R

ALGEMENE INLIGTING

Daar wag 'n opwindende reis vir elke Graad R Leerder en Ouer hier by Laerskool Elarduspark. Ons sien uit daarna om hierdie nuwe pad saam met u te stap. Ons span toegewyde en entoesiastiese onderwyseresse bied u kind liefdevolle versorging en kwaliteit onderrig. Ons leer en lei u kind om sy/haar volle potensiaal te ontwikkel. Ons Graad R Leerders word toegerus met die nodige kennis en vaardighede sodat hulle Graad 1 met selfvertroue kan aanpak.

MAANDELIKSE SKOOLFONDS SLUIT DIE VOLGENDE IN:

- Aankoms vanaf 06:30
- Onderrig van 08:00 - 13:00
- Gebalanseerde middagetes om 12:30
- Middagtoesig van 13:00 - 17:30 (nie nodig om 'n addisionele Naskool inskrywing in te dien, of u kind by 'n ander Naskool in te skryf nie).

LET WEL: Daar is nie verskillende fooie vir voldag en halfdag nie, slegs een fooi is betaalbaar. Die Graad R-Sentrum is ook oop gedurende skoolvakansies teen 'n minimale bedrag, maar is gesluit gedurende die Desember skoolvakansie.

ETES

- Leerders moet ontbyt by die huis eet.
- Oggend versnaperinge word geëet om 09:30 (deur ouers voorsien).
- Middagete is om 12:30 (gebalanseerde middagetes word deur die skool voorsien en is ingesluit by die maandelikse skoolfonds).
- Laat middag versnaperinge om 14:30 (deur ouers voorsien)

GRAAD R KLEREDRAG: (BESKIKBAAR BY LARDIE KLEREWINKEL)

Maandae tot Vrydae: Somer - Graad R-hempie en KDA-broekie.

Winter- Fleece baadjie en skool sweetpakbroek, kouse en tekkies

Tye van die Klerewinkel is soos volg:

Maandae tot Vrydae:	06:30 - 14:30
Elke eerste Saterdag van 'n nuwe maand:	08:00 - 10:00
Kontakbesonderhede:	072 292 1529 (Ria Broodryk)

LARDIES OPEDAG